

Oordenking  
6 September 2017.

**Jesus het ons opdrag gegee om sy verlossing met almal te deel.**

*Mattheus 28: 18 - 20. Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

Dit is nou twintig eeue later en God het steeds nie 'n ander plan vir sy kerk as dat sy kinders die goeie nuus aan mense wat verlore is, versprei nie. Hy maak nog al die tyd staat op mense soos ek en jy om vir ander te vertel van die liefde van God vir ons in Christus Jesus. God wil hê ek en jy moet sy Evangelie verkondig. Hy verwag dis wat ons gaan doen.

Jesus het ons, die Kerk van God, opdrag gegee om van al die nasies sy dissipels te maak. En Hy gee die opdrag as die Een wat alle mag in die hemel en op die aarde het. Jesus praat met ons as die Een met die gesag om die ewige lewe te skenk.

Wat Jesus wil hê is dat ons so nutgemaak en passievol sal wees dat ons met dringendheid sal vertel van sy liefde en sy opstanding, sodat elkeen wat in Hom glo kinders van God sal word.

Christus kies om altyd by ons te wees, ons te beskerm en sy krag met ons te deel as ons by die 2000 jaar oue familie van getuies van Christus aansluit. Dit maak nie saak waarheen ons gaan en watter uitdagings ons te bowe moet kom nie, Christus kies om langs ons te staan en vir ons te belooft: *"Onthou: Ek is by julle al die dae, tot die voleinding van die wêreld."* (Mat 28:20)